


Paasfees:

Die naweek wat die wêreld vir ewig verander het.

Uitgebeeld met kruise wat verander soos die gebeure ontvou.

(Vorbereiding: Lees noukeurig deur die verhaal in Lukas 22-24. Vertel dit in jou eie woorde. Hou dit kort en gebruik die prente van die kruise vir die hoofmomente. Die kruise is in kleur op die webtuiste en ook in 'n "powerpoint" aanbieding. Indien jy dit nie kan gebruik nie, is jy welkom om self kruise te maak of te teken wat ooreenstem met die wat ons gee.)

DONDERDAGAAND



Kruis: Wreed

In Getsemane het Jesus geworstel met die wete dat die kruis 'n wrede marteling gaan wees. Sy sweet het soos bloeddruppels geword terwyl Hy bid.

Kruis: nie regtig nie



Jesus het die dissipels gevra om ook te bid, maar hulle het aan die slaap geraak. Hulle het nie gedink Jesus sal gekruisig word nie.

VRYPDAG



Kruis: Skok, dood, onregverdig, onverstaanbaar

Jesus word gekruisig en sy dissipels is in skok oor die wrede manier waarop Jesus gekruisig is.

SATERDAG



Kruis: Geen hoop

Jesus word begrawe. Die dissipels is verslae. Alles is vir hulle onregverdig en onverstaanbaar. Hulle is alleen sonder Jesus. Niks maak sin nie.

SONDAG



Kruis: Jesus leef !!

Sondagoggend ontdek die dissipels dat Jesus opgestaan het uit die dood. Die kruis het Jesus nie vernieting nie. Die kruis was die plek waar Jesus gesterf het sodat ons sondes vergewe kan word, maar nou leef Hy. Hy het die sonde en dood oorwin en ons sal ook vir ewig saam met Hom leef.

DIE KRUIS VANDAG!!



Die kruis waar Jesus se bloed gevloei en Hy sy lewe in ons plek gegee het, help ons onthou dat ons vergewe kan word en saam met Jesus kan lewe, nou en vir ewig.


Die kruis is nie net 'n versiering nie. Die kruis is nie 'n gelukbringer nie.



Die kruis is die bewys dat God die wêreld so liefgehad het "dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die Ewige Lewe sal hê." (Joh 3:16)



Idees om jou te inspireer om jou geloof in 'n kruis uit te beeld:



Wie is Jesus? Vind name in die Bybel om Hom mee te beskryf.



Koninklik, hemels – Ons het hoop.



“Jesus leef!”
uitgebeeld met
helder
kleurpastele.

Omdat Hy ons liefhet